

Die nuwe Rekvisisie Betaling Model help boere met likiditeit

Laeveld Agrochem bring nuwe, innoverende idees om sodoende boere beter te kan bystaan.



Neel sê LAC is gedurig besig om nuwe, innoverende idees vir produkte en dienste te ondersoek sodat hulle boere so bes moontlik kan bystaan.



Te midde van boere se kwynende toegang tot finansiering het Laeveld Agrochem (LAC) met 'n innoverende Rekvisisie Betaling Model (RBM) vorendag gekom wat die druk op kontantvloei vir boere verlig.

Volgens Neel Rust, LAC se bedryfshoof, is dit te danke aan die feit dat betaling vir die produkte wat volgens die RBM gekoop word, eers **90 dae na lewering** geskied. Dit is in teenstelling met 'n gewone kontanttransaksie waar betaling onmiddellik vereis word, of 'n tradisionele kredietfasiliteit waar betaling binne 30 dae na ontvangs van staat moet plaasvind.

Hoe werk die RBM

Die RBM, wat volgens Neel uniek in die Suid-Afrikaanse landboubedryf is, word hanteer soos 'n kontanttransaksie, maar die geld vir die lewering van produkte vloei eers op 'n latere stadium (na 90 dae) vanaf die boer se rekening na LAC. **Geen kredietkeuring** is nodig soos in die geval van 'n finansieringsprodukt nie.

*"In die moeilike tye waarin boere hulle tans bevind, veral in die lig van die tekort aan toegang tot finansiering, verseker dié uitgestelde betaling – wat **rentevry** geskied, dat boere in 'n beter likiditeitsposisie is.*

Dit beteken ook dat die boer 'n verdere 90 dae se rente op sy eie geld kan verdien voordat dit aan LAC oorbetal word."

Transaksies word deur Suid-Afrika se groot kommersiële banke gefasiliteer

Betaling vir die lewering van die produkte word deur Suid-Afrika se vier groot kommersiële banke gefasiliteer via 'n elektroniese platform genaamd G-PAY, wat die skakeling tussen LAC en die boer se bankrekening behartig.

Die proses is eenvoudig en geskied elektronies. 'n Rekvisisie word deur 'n LAC verteenwoordiger gelaai, waarna dit deur LAC Hoofkantoor goedgekeur word.

In eenvoudige terme beteken dit die bedrag vir die lewering van die betrokke produk word dus **vasgemaak** vir latere betaling. Fisiese lewering van die produk aan die boer vind plaas sodra die rekvisisie geskep is. Die boer se ontvangs-erkenning, gekoppel aan die rekvisisie, fasiliteer die betalingsproses na 90 dae.

'n Rekvisisie kan alleenlik gelaai word indien die boer 'n fasiliteit by een van die vier banke het om die randwaarde van die betrokke bestelling te dek. Die boer het die volle beheer oor die betrokke bankrekening, ingesluit die transaksies tussen sy rekening en LAC. Die bankrekening en die betrokke werkswyse hou geen risiko vir die boer in nie.

Produkkreeks

Neel sê die LAC produkkreeks wat kwalifiseer vir die RBM, is die van Syngenta, Bayer, Villa, Monsanto, Corteva, Adama en Rolfes Agri.

Verdien punte en pitte

Boere wat bloot net navraag oor die RBM te doen, verdien **3,000 Son-Safari-punte** om te gebruik vir genoemde Landbouskou. Stuur 'n epos navraag na info@laevel.co.za om punte te verseker.

Boere wat van die RBM gebruik maak verdien 50 LAC lojaliteits**pitte** vir elke R1,000 spandering by LAC tot en met 31 Julie 2021. Hierdie pitte kan vanaf 1 Augustus 2021 tot 31 Julie 2022 gebruik word vir aankope vanaf LAC, *maar* dit kan ook aangewend word vir die Son-Safari Landbouskou.



Vir meer inligting

Boere wat belangstel om van die RBM gebruik te maak, kan hul naaste LAC verteenwoordiger kontak of stuur 'n e-pos aan info@laevel.co.za vir meer inligting rakende die werking van die model.

